

**9 Oktober**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 12:1-3**

### **Moet nie uitsak nie!**

Jou geestelike moegheid hou nie in die eerste plek verband met jou werksdrukte en die hoeveelheid spanning wat die lewe bring nie, maar met jou verhouding met Jesus Christus.

Geestelike moegheid laat mens agterraak en naderhand uitsak, nie net in jou daaglikse werk nie, maar ook in jou lewe wat jy vir die Here leef; daarom het mens nie altyd die geestelike energie en entoesiasme om in te klim en dinge met oorgawe vir die Here te doen nie.

Die Bybel gee goeie raad vir geestelike moegheid: "Hou Hom [Jesus] voor oë ..." Dit beteken: hou Hom sentraal in jou gedagtes. As jy aan Hom dink, dink spesifiek daaraan dat Hy die kruis verduur het en dat Hy die vyandige optrede van sondaars teen Hom verdra het. Dink daaraan dat Hy nie teruggedeins het nie.

Hoe het Hy dit reggekry om Hom deur niks van stryk te laat bring nie, nie deur aanvalle van mense nie, en ook nie deur die skande van die kruis nie? Die antwoord lê in die woorde: "Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was ..." Hy het opgekyk en die wenpaal gesien, en dit het Hom laat aanhou!

Ons wenpaal word in Filippense 1:23 beskryf: "...om by Christus te wees." So stel Christus aan ons 'n voorbeeld van hoe 'n mens moeilike omstandighede hanteer. Jy staar jou nie blind teen die omstandighede nie, jy draai jou nie daarin vas nie, maar jy kyk op en sien die volle prentjie. Die vooruitsig verbreed ons perspektief.

Die voorwaarde is egter dat jy Jesus Christus sentraal in jou gedagtes hou. Jy kan seker wees dat Hy dan 'n sentrale plek in jou lewe sal inneem en jy sal die belofte in vers 3 vir jou persoonlik kan toeëien: "Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie." Jesus belowe dit en Hy sal dit ook bewerk.

*Dr SF Kruger (Middelburg-Noordl)*